## DIE ARGIEF-JAARBOEK VIR SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

Omdat dit in die reël nie maklik is om vir geskiedkundige navorsing van ernstige en wetenskaplike aard 'n uitgewer te kry nie, het dit voorheen dikwels gebeur dat manuskripte van hoogstaande gehalte en wat op 'n baie belangrike onderwerp uit ons verlede betrekking het, in een of ander biblioteek weggebêre lê waar dit vir studente en navorsers ontoeganklik was.

Reeds in die vroeë dertiger jare is na 'n oplossing vir hierdie probleem gesoek. Terwyl verskillende vooraanstaande historici na 'n redmiddel gesoek het, was dit in werklikheid prof. J. L. M. Franken van Stellenbosch, wat 'n oplossing aan die hand gegee het. In die *Stellenbosche Oudstudent* van September 1937 het hy 'n pleidooi gelewer „vir die uitgawe van 'n *Jaarboek* waarin die resultate van geskiedvorsing in ons argiewe gepubliseer kan word". Prof. Franken het besef dat van die gereelde uitgawe van 'n jaarboek sonder regeringsteun min tereg sou kom en daarom het hy hom tot die Minister van Binnelandse Sake — onder wie se gesag die argiewe destyds geresorteer het — gewend met die dringende versoek dat 'n bykomende bedrag van £500 jaarliks op die begroting geplaas sal word „vir die uitgawe van 'n Jaarboek vir publikasies van werk wat direk gebaseer is op wetenskaplike ondersoek gedoen op die gebied van Suid-Afrikaanse geskiedenis in ons argiewe in die vier hoofstede."

Die idee van 'n Jaarboek is allerweë gunstig begroet en toe die destydse Hoofargivaris, dr. C. Graham Botha, die saak ook sterk ondersteun het en die gedagte vir goedkeuring aan die Minister voorgedra het, is besluit om die gevraagde som beskikbaar te stel. Na die benoeming van 'n redaksie wat vir die uitgawe van die werk verantwoordelik sou wees, kon die eerste Jaarboek in 1938 verskyn. Sedertdien het met uitsondering van die oorlogsjare 1943 tot en met 1947 en 1961 en 1962 toe elke jaar net een deel verskyn het, jaarliks twee sierlike boekdele in die nou reeds kosbare reeks verskyn. Tot op datum het 45 dele die lig gesien en kan die twee dele van die 1964-jaargang ook binnekort verwag word.

Dit is vir die redaksie van *Historia* aangenaam om die bestaan van die Jaarboek onder die aandag van al sy lesers te bring in die hoop dat veral Hoërskole in toenemende mate op die hele reeks sal inteken. 'n Volledige stel van die *Jaarboek* is nou reeds 'n kosbare besit wat met die loop van jare nog steeds in waarde sal toeneem. Die *Jaarboek* kan van die Staatsdrukker, Pretoria of Kaapstad, bestel word. Die prys is R1-25 tot en met 1948 en daarna R4-20 per deel.